DIE PROJEKPLAN IS 'N DOKUMENT WAAROP ALLE PROJEKVOORSTELLE INGEDIEN MOET WORD OM TE VERSEKER DAT HULLE, TER WILLE VAN EVALUARING, EENVORMIG IS. VERDER, OM TE VERSEKER DAT AL DIE TER SAKE INLIGTING OORWEEG WORD. DIT IS BEDOEL OM 'N PLAN VAN VOORNEMENDE OPTREDE TE WEES WAARIN AANGEDUI WORD WAT, HOE, WANNEER EN VIR WATTER DOEL DIE PROJEK VAN STAPEL GESTUUR WORD.

1. PROJEKNOMMER (SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK):

2. NAAM EN KONTAKBESONDERHEDE VAN PROJEKVOORSTELLER EN PROJEKLEIER:

	PROJEKVOORSTELLER	PROJEKLEIER
NAAM	Marieta Olivier	Christenvrouedag-kommittee
POSADRES	Posbus 5, KWT, 5600	
E-POS	dreamers@imaginet.co.za	
FAKSNOMMER	0866776016	
TEL. WERK	0436423012	
TEL. HUIS	0436423012	
SEL.	0716724051	

Marieta Olivier	9 Sept 09

(HANDTEKENING VAN PROJEKVOORSTELLER) (DATUM)

3. BESKRYF DIE DOEL/BEDIENING VAN DIE PROJEK:

Aangesien ons alles reeds op skrif het, sluit ek die volgende in by die aansoek. Die groep vroue	
wat ’n kommittee gestig het om die verpolitisering van vrouedag om te keer na Christenvrouedag	
het ’n stel doelwitte opgestel en elke jaar werk ons daaraan om nader aan ons doelwit te kom.	
Uit die aard van ons gemeenskap en ons doelwit word alles in Engels bedryf, want ons poog om	
die hele gemeenskap oor alle grense van taal, kultuur en ras bymekaar te bring. Die doelwitte	
word breedvoerig beskryf by die ingeslote stukke, maar in kort kom dit daarop neer dat ons	
Christenvroue in King William’s Town bymekaar wil bring en hulle bemagtig om in Christus se	
naam te getuig. Ons wil alle vroue mettertyd betrek om gesonde gesinne in ons streek tot stand te	
bring wat weer op hulle beurt ’n invloed op die breër gemeenskap moet uitoefen deur getuies te	
wees. Ons glo deur pro-aktief te wees ons die huidige aanslag van satan op die jeug, asook	
misdaad dwelmveslawing en ander misdrywe sal hokslaan. Ons het reeds 4 soortgelyke dae	
gehad en ons het baie sukses daarmee gehad. Die feit dat ons hierdie jaar nie sulke duur kaartjies	
verkoop het om kostes te dek nie, het beslis’n baie groter positiewe effek gehad. Ons kon soveel	
meer dames betrek, veral uit minder gegoede gemeenskappe en op daardie manier kon ons ons	
basis vergroot. Die kommittee bestaan uit dames van al die groter kerkgemeenskappe in King wat	
gewillig was om te help met die reëlings, asook kleiner groepe. Hierdie jaar kon ons werklik	
waarneem hoeveel meer verteenwoordigend van alle denominasies die vroue was. Die boodskap	
wat uitgegaan het is in sommige kerke hardop vanaf die kansel deur vroue deurgegee aan hulle	
gemeentes. Kortliks is die vorm van die bemagtiging nog dieselfde gewees en met klein	
uitsonderings verloop die dag as volg:	
1. Verwelkoming en tee. Handewas seremonie	2. Sang en aanbidding.
3. Aktiwiteite wat pas by die tema	4. Spreker
5. Sang en toewyding	6 Aktiwiteiete vir selfverryking
7. Hoofspreker.	8. Getuienisse
9. Item	10. Ete

BESKRYF DIE PERSONE, GEMEENTE, RING, INSTANSIE(S) WAT BY DIE PROJEK SAL BAAT EN HOE DIT HULLE SAL BEVOORDEEL INDIEN DIT NIE REEDS BY PUNT 3 GENOEM IS NIE:

Sien punt 3
Hierdie jaar het ons naastenby 14 kerke verteenwoordigend gehad.
NG Kerk King William's Town; Gereformeerde kerk; VGK; Baptiste; Presbyterian;
Ebenezer; Anglikane; Katolieke; Kerke vanaf Zwelitsha, Bisho Tyu-Tyu Village;
Bulembo; Good News Charismatiese Kerk.
Ons sluit fotos in om te wys hoe suksesvol ons was. Die aktiwiteite is uitkomsgerig en
persone getuig dat hulle reeds daarvan kon gaan toepas.
Temas van die afgelope vier jaar:
1. 'n Vrou soos Esther
2. Reuk van die albastefles- 'n Skoon omgewing.
3. A Spa for the body soul and spirit
4. Die kerk as die bruid van Christus
Vanjaar kon ons danksy die skenking vanaf die sinode 'n gasspreker uit PE (NMMU)
nooi nl. Prof. Tilla Olivier wat haar uitstekend gekwyt het van haar taak.
Volgende jaar hoop ons om 'n opvoedkundige te nader wat wye toerusting kan
bied oor opvoeding in die ouerhuis en die ma se rol in die verband
Hierdie jaar kon ons waarneem hoeveel meer verteenwoordigend van alle denominasies
die vroue was. Die boodskap wat uitgegaan het is in sommige kerke hardop vanaf die
kansel deur vroue deurgegee aan hulle gemeentes. In die Presbeteriaanse kerk het Lulu
Msutu die hele praatjie opgesom en getuig van die verryking wat dit in haar lewe
meegebring het en dit op so 'n manier oorgedra aan die gemeente dat hulle ook opnuut
daarby kon baat vind.

5. BESKRYF DIE STAPPE/FASES VAN DIE PROJEK EN DIE TYDSVERLOOP VAN ELK EN DERHALWE DIE BEGIN EN EINDE DAARVAN:

STAPPE/FASES	TYDSVERLOOP
Kennismaking deur interessante aktiwiteite	20minute
Beskuit en Koffie of tee	15 minute
Sang en aanbidding	20 minute
Tafelaktiwiteit waaraan almal saam deelneem om by	
die tema aante pas en toeligting	25 minute
Sang	10 minute
hoofspreker	35 minute
Vraetyd	10 minute
Ete	45 minute

6. BESKRYF DIE HULPBRONNE WAT VIR DIE PROJEK BENODIG WORD:

6.1 PROJEKSPAN:

NAME VAN LEDE	VAN WAAR (GEMEENTE, ANDER)
Marieta Olivier	NG Kerk KWT
Attie Nel	“
Annemarie Naudé	“
Hannelie Erasmus	“
Willma Buitendach	“
Alida Jacobsz	Gereformeerde kerk
Luella Campbell	Ebenezer Baptist Family Church
Anaida Allwood	Anglikaanse kerk
Babalwa Moni	
Sharmaine Clough	Ebenezer Baptist Family Church
Leona Canny	Lutheran Church
Felicia du Randt	The Potters House Charismatic

6.2 TOERUSTING:

BESKRYWING VAN TOERUSTING	HOEVEELHEID
Saal	1
Tafels en stoele	13 vir 150 mense
Kombuis met alles om ete te bedien	Beplan vir 150
Skerm	1
Data projektor en Laptop	1
Musiek instrumente en Klankstelsel	

6.3 ADMINISTRATIEWE INFRASTRUKTUUR (BYVOORBEELD: HULP MET TIKWERK, INTERNET, AFROLWERK, VERSENDING, ENSOMEER):

BESKRYWING	WANNEER BENODIG
Tikwerk vir programme en advertensie	
Talle oproepe en infrastruktuur vir verspreiding van	
advertensie materiaal.	

6.4 ANDER:

6.5 BEGROTING EN DIE VERWAGTE SKEDULERING VAN UITBETALINGS

6.5.1 UITEENSETTING:

BEGROTINGSITEMS	BEDRAG
REISKOSTE	R2000
VERBLYFKOSTE	R1000
REKENAARUITGAWES	R300
SKRYFBEHOEFTES	R500
DRUKWERK	R1000
TELEFOON	R100
POSGELD	R20
VERVERSINGS	R4500
ANDER (SPESIFISEER ASSEBLIEF):	
Huur van klankstelsels en mikrofone	R400
hulp met opruiming en veiligheidsbeamptes	R400
Totale geldelike hulp aangevra vir projek	R7500

6.5.2 SKEDULE:

DATUM	BEDRAG
15 Julie 2010	R7500

6.5.3 HOE EN AAN WIE MOET UITBETALINGS GEMAAK WORD?

Aan die skriba van die NG Kerk KWT

7. ENIGE ANDER SAKE WAT OORWEEG MOET WORD: